POËSIESTUDIEGIDS VIR GRAAD 12- HUISTAAL WAT BESLIS NIE TELEURSTEL NIE!!

Die studiegids, PRESTEER MET POËSIE GRAAD 12 AFRIKAANS HUISTAAL: DIE A+ STUDIEGIDSREEKS", bevat volledige strofe-vir-strofe beskprekings van al die graad 12-Huistaalgedigte wat nog tot aan die einde van 2016 nasionaal voorgeskryf is. Die gids, wat reeds van 2009 af bestaan, word deur 'n volledige bronnelys asook glossarium met álle poëtiese begrippe wat in die gedigte voorkom (mét bladsyverwysings), voorsien. Die begrippe word op verstaanbare wyse verduidelik en word al sedert die begin van 2009 met groot vrug deur baie skole veral in Gauteng gebruik.

Die samesteller van die gids was vir 11 jaar lank letterkunde-eksaminator (vr. 2) in Gauteng en sedert 208-2013 was hy interne moderator in Gauteng vir vraestel 2.

Aan die einde van elke gedig is daar 'n aantal relevante vrae wat leerders in hulle skrifte kan beantwoord. Die gids word tans teen R80.00 per (baie goed gedinde) boek bemark. Daar word nie minder as 50 boeke per skool verkoop nie, aangesien dit deur koopiereg beskerm word. Indien 'n skool 50 boeke aankoop, word 'n gratis onderwysersgids voorsien, 'n aparte boek met al die voorgestelde antwoorde. Die antwoorde word dus nie, soos in talle gidse, in die leerderkopie self beskikbaar gestel nie.

As voorbeeld van die opset van die boek, word die volledige bespreking van "'N TIPE EPISTEMOLOGIE VAN WATER" hierby ingesluit.

Aangesien baie skoolbegrotings nie voorsiening vir die aankoop van addisionele boeke maak nie, kan belangstellende matrikulante self hulle geld bring en die betrokke onderwyser/es kan dan die aankoop/bestelling daarvan self administreer.

Belangstellende onderwysers kan met die skrywer skakel by drhp@telkomsa.net, of 082 894 9807.

’N TIPE EPISTEMOLOGIE VAN WATER

(Breyten Breytenbach)



BREYTEN BREYTENBACH (1939 -)

Breyten Breytenbach is bekend as digter, prosaskrywer en skilder. Van sy digbundels is uitgegee onder die pseudonieme Jan Blom en B.B. Lasarus. Breyten is seker een van die mees omstrede digters in die Afrikaanse poësie omdat hy in die sewentigerjare in die Pretoria Sentrale Gevangenis en Pollsmoor-gevangenis aangehou is weens sy afkeer van die destydse apartheidsbeleid in Suid-Afrika. Hy het met ’n Viëtnamese vrou Yolande, (van Oosterse afkoms ─ nie blank nie) in die huwelik getree. As gevolg van herhaalde weierings van die Suid-Afrikaanse regering om ’n visum vir Yolande toe te staan om Suid-Afrika te besoek, het Breyten lank in selfopgelegde ballingskap in Parys (Frankryk) as digter en skilder gewerk. Talle van sy eie illustrasies dien as omslag vir sy digbundels.

In 1972 het Breyten ’n lid van die anti-Afrikaanse organisasie Atlas, geword wie se doel dit was om die Suid-Afrikaanse regering tot ’n val te bring. In Julie 1975 besoek hy Suid-Afrika met ’n vals paspoort en word in hegtenis geneem, verhoor en skuldig bevind op aanklag van terroristiese bedrywighede (Galloway 1990: 79). As gevolg van veranderde Suid-Afrikaanse wetgewing is hy in 1982 weer vrygelaat waar hy hom in Parys (Frankryk) gevestig het. Ten spyte van al die negatiewe publisiteit oor Breyten se doen en late, is sy poësie meer as een keer met literêre pryse bekroon.

Baie lesers vind Breytenbach se poësie moeilik of vreemd en vermy dit liewer. Hy bly een van die belangrike Sestigerdigters wat in meer as een opsig ’n vernuwing in die Afrikaanse poësie bewerkstellig het.

Breyten skryf teen die agtergrond van die Zen-Boeddhisme. Die Zen-Boeddhisme is nie ’n godsdiens, filosofie of psigologie nie maar sluit ’n ervaringswyse van al drie die elemente in. Anders as in ons Westerse denke waar ons met afsonderlike begrippe werk, gaan dit in die Zen-Boeddhisme eerder oor ’n gesamentlike belewing van alles. Daar is byvoorbeeld nie ’n onderskeiding tussen die ek en die dinge in die wêreld nie, maar eerder ’n gesamentlike belewing van die “dinge”. Prof. André Brink (1971: 8) illustreer hierdie beginsel van Breytenbach se poësie soos volg: “Die weerkaatsing van die maan in ’n poel water is nóg maan nóg water, maar kombinasie en resultaat van albei”.

Kennis van die Zen-Boeddhisme help lesers om Breytenbach se poësie en prosa beter te verstaan. Gelukkig is dit nie *noodsaaklik* om ’n diepgaande studie van die Zen-Boeddhisme vir die interpretasie en waardering van *’n Tipe epistemologie van water* uit *die bundel (“YK”*) te maak nie.

Van die mooiste liefdespoësie in Afrikaans is deur Breytenbach geskryf. Die vernaamste temas in sy poësie is die liefde en die verlange na die vaderland.

'N TIPE EPISTEMOLOGIE VAN WATER kom uit die bundel *("YK"),* een van Breytenbach se tronkbundels. Die gedigte in (*"YK")* is saam met sy ander tronkpoësie in die bundel *DIE ONGEDANSTE DANS* gebundel.

Hierdie vrye vers vorm tipografies *een* strofe en handel oor 'n vloedramp wat oor die aarde uitgesak het en talle mense laat verdrink het. Die spreker vertel in die derdepersoon en tree as *waarnemer* op. Dit is asof hy 'n alsiende oog word wat alles beskryf wat waargeneem word.

Die ramp waaroor die gedig handel, het reeds plaasgevind ─ vandaar die gebruik van die verlede tyd soos byvoorbeeld in "was" (r. 3) en "het" (r. 6).

Op grond van bepaalde *woorde* in die gedig kan die leser hierdie beskrywing met die sondvloedverhaal in Gen. 6-8 in verband bring.

Hierdie gedig is 'n voorbeeld van 'n vrye vers. Die lang, veelvoudige sinne, enjambemente en ellipse ikoniseer (vgl. *ikonisiteit* in die indeks) die *bewegende chaos* wat in die gedig uitgebeeld word. Mens, dier en ding vloei hier met die waters tot 'n *onordelike eenheid* saam. Hierdie gedig bestaan slegs uit 3 sinne. Die inleidende sin is 2 reëls lank en handel oor die hemel waar die reën vandaan kom. Sin 2 strek van r. 3 af tot in die middel van r. 11. Dit beslaan dus 8½ reëls en beskryf die reaksie van mens en dier op hierdie ramp. Die laaste sin wat 11½ reëls lank is, strek van die middel van r. 11 af tot aan die einde van die gedig in r. 22. Die derde sin gee 'n beskrywing van die talle voorwerpe wat op die water ronddryf, die noodkrete van slagoffers asook die lyke wat sigbaar is.

Die woord "epistemologie" in die titel dui op *kennisleer* of die filosofiese leer oor die ontstaan, sekerheid en grense van menslike kennis. In hiérdie sin dui dit op 'n bepaalde *kennis van water.* 'n Mens kan "epistemologie" ook klank- en betekenismatig met *epies* verbind wat 'n verhaal/vertelling impliseer: hier 'n verhaal oor 'n ontsettende vloedramp.

WOORDVERKLARINGS:

gearseer (r. 2): 'n handeling (hier in die verlede tyd gebruik) waardeur ewewydige lyne dig langs mekaar op 'n tekening getrek word ter aanduiding van skaduwee.

skigte (r. 3): 'n skig is 'n weerligstraal. In bliksemskigte vind inderwaarheid toutologie plaas aangesien "bliksem" reeds weerlig veronderstel.

peupel (r. 10): afgelei van die woord *gepeupel* wat dui op die laagste, onbeskaafdste deel van die bevolking, gewoonlik as 'n onordelike massa gesien.

kind en kraai (r. 11): besittings ─ idiomatiese uitdrukking.

ark (r. 13): drywende woning of woonskip.

balie (r. 13): oop vaatjie.

saamgeflans (r. 15): iets haastig op slordige wyse aanmekaar vasgebind word.

flottielje (r. 14): 'n groep klein oorlogskepe van dieselfde soort.

vlotte (r. 14): 'n vlot is 'n versameling balke, bome, vate of planke in water aanmekaar vasgemaak wat as vervoermiddel dien.

norring (r. 16): groot aantal.

vare (r. 16): vaders (meervoud) ─ veral van diere gesê.

moere (r. 16): moeders (meervoud) ─ moeders (plat benaming wat eintlik op die wyfie van diere dui).

hurk (r. 17): 'n sittende houding inneem waarby die bene so buig dat die sitvlak byna die grond raak.

arpeggios (r. 17): akkoorde wat in vinnige opeenvolgende note gespeel / voortgebring word (volgens die spelreël behoort dit met 'n 's geskryf te word).

eoniese (r. 17): iets wat vir 'n onbepaalde lang tyd aanhou.

mompeling (r. 21): 'n binnensmondse, onverstaanbare gepraat.

In **sin 1** kry die hemel menslike eienskappe in "somber suf" (r. 1) wat deur die [s]-alliterasie uitgehef word. Die *somberheid* sinspeel op die donkerheid en die atmosfeer wat as gevolg van die bewolkte weer heers. Dit reën so erg, dat die hemel met 'n mens in verband gebring word wat dof van gees (moeg/uitgeput) is. Die woorde "skeef gearseer" (r. 2) moet as parentese gelees word omdat dit die gietende reën as die skuins strepies (teen ongeveer 45°) beskryf wat 'n mens tydens die val daarvan waarneem. Die ellips aan die einde van r. 2 suggereer voortgang. Dit sluit aan by die ellipse in r. 7, r. 20, r. 22 asook die "(E)n" in r. 11.

Die beskrywing gaan in **sin 2** voort met 'n verwysing na die "(D)it" wat op die hemel dui. As gevolg van die weerlig is die hemel met die kleur van vuur gevul en lyk dit of die wolke in repe geskeur is en heen en weer beweeg. Die weerligstrale lyk soos brandende fakkels en deur die herhaling van die frikatiewe [w]- en [f]-klanke in r. 4-5 word die geweld van die weerlig beklemtoon:" wat die wolke gereep en verfladder het, die fakkels/ waarvan die groot waters oor die oorspoelde valleie. . . ".

Waar die valleie weer begin sigbaar word, het omgebuigde boomtoppe die gevolge van die verwoesting begin toon. Op die bergspitse kon gesien word hoe talle diere

“saamgewriemel” (krioel) het. Die asindeton in r. 9-10 skep die idee van oneindig baie diersoorte. Selfs die skuifelende reptiele is eindelik “getem” (r. 10). Hulle is nie werklik mak nie, maar omdat hulle nou dieselfde ruimte met die mens in hierdie noodsituasie moet deel, heers daar ’n verdraagsaamheid by hulle. Die ongewone woordvorm in “peupel” (r. 10) wat van *gepeupel* afgelei is, sinspeel op ’n *onordelike massa* ― ’n toestand van algehele chaos word hier voor die gees geroep. Die idiomatiese uitdrukking “kind en kraai” (r. 11) dui op alle besittings.

Sin 3 begin met die voegwoord “(E)n” (r. 11) wat voortgang suggereer. Die waterbedekte landerye is oortrek met ’n verskeidenheid voorwerpe en dit dra by tot die chaos wat daar heers. Dit is meestal huishoudelike artikels soos meubels en houers. Daar dryf ook ’n versameling vlotte wat inderhaas uit nood en vrees vir die dood “saamgeflans”: (r. 15) is. Op grond van die verband wat “besaai” (r. 12) met *saai* toon, word die besaaide landerye (r. 12) ironies aangesien dit nie ’n belowende oes is waarna hier verwys word nie. “(F)lottielje vlotte” (r. 14) is ’n voorbeeld van pleonasme aangesien die twee woorde mekaar herhaal. Dit herinner aan “bliksemskigte” (r. 3); wat ’n toutologiese samestelling is.

In r. 16 word die dood deur middel van ’n parentese verder omskryf: dit is *glibberig* en *log*. Die dood is vir die meeste mense ’n *glibberige* onderwerp aangesien dit iets onbekend aandui. Dit is daarom by implikasie ’n onhanteerbare (log) saak of gedagte. Let op hoe “glibberig” en “log” (r. 16) aansluiting vind by die laaste 3 reëls waar verwys word na die *groen* lyke en *dooie vleis* wat ook glibberigheid, veronderstel.

Die vaders en moeders op die vlotte uiter onmeetbare lang (eoniese) krete wat soos arpeggio’s klink. Dit dui op die na mekaar skree van die opeenvolgende note in akkoorde van onder na bo of andersom. Die verwysing na “vare en moere” (r. 16) kan op grond van die oorspronklike gebruik daarvan aandui dat die spreker geen onderskeid tussen *mens* en *dier* maak nie.

In r. 19-20 keer die [w]-alliterasie van r. 4-5 terug. Die groot *waters* is weer hier ter sprake en soos die hemel aan die begin gepersonifieer is, kry die wind hier menslike

eienskappe. Hierdie alliterasie beklemtoon die krag van die wind en die uitwerking daarvan op die “waters” (r. 19). In samewerking met die [w]-alliterasie beklemtoon die herhaling van “laat rol/laat rol laat rol het. . . “ (r. 19-20) die nimmereindigende rolbeweging van die water. Die ellips in r. 20 versterk hierdie onophoudelike handeling en die enjambement aan die einde van r. 19 visualiseer die beweging van die water.

Hiermee saam is die “glinsterende groen lyke” (van die drenkelinge) sigbaar. Die lyke herinner die spreker aan “’n mompeling / van dooie vleis” (r. 21-22).

Die agtergrond waarteen Breyten skryf naamlik die Zen-Boeddhisme verdien hier die aandag. In talle van sy gedigte staan ontbinding sentraal. Ontbinding dui reeds die

begin van nuwe lewe aan. Prof. André Brink (1971: 8) beweer dat Breyten Breytenbach se poësie die poësie tot lof van die verganklikheid is. Waar *groen* by Breytenbach *ontbinding* suggereer, is dit terselfdertyd ook die kleur van *nuwe lewe*. Die lyke met 'n groen kleur ─ "glinsterende" lyke ─ is reeds besig om te ontbind, waar nuwe lewe reeds sluimerend is.

Ten spyte van die afgryslike slottoneel sluit die gedig inderwaarheid op 'n positiewe noot af. Die mens is in "dooie vleis" (r. 22) van al sy menslike waardigheid ontneem ─ daar word na hom as blote voorwerp verwys. Tóg word die vleis gepersonifieer want dit *mompel*. Hierdie sag, onverstaanbare gepraat suggereer dat dit *nie* die einde van lewe is *nie*. Daarom kan die slotellips ook aandui dat die siklus van geboorte, lewe en dood herhaal sal word en speel die herhaling van "weer en weer en weer" (r. 22) saam met die polisindeton 'n ondersteunende rol in dié verband.

Dit is moontlik om 'n kontras tussen die begin en die einde van die gedig aan te dui. Waar die toneel aan die begin swaarmoedig en donker as gevolg van die bewolkte lug en die swaar reën is, sluit dit af met die verwysing na "glinsterende / groen lyke" (r. 20-21).

Dit is verder moontlik om verbande tussen die Sondvloedverhaal en die gegewens uit hierdie gedig met mekaar in verband te bring. Die sondvloedverhaal eindig op positiewe noot waar God 'n verbond met die mens sluit en die *reënboog* 'n sigbare teken daarvan word. Hierdie gedig eindig eweneens positief omdat dit 'n nuwe lewe in die vooruitsig stel.

Op 'n ander vlak kan die slotherhaling daarop sinspeel dat soortgelyke oorstromings weer sal plaasvind; iets wat inderdaad wel gebeur.

Die verwysing na "arke" in r.13 roep die ark voor die gees wat Noag in opdrag van God moes bou. Die groot waters wat in die gedig ter sprake is, kom ook in die Sondvloedverhaal voor. So ook die verwysing na die bergspitse en die verskillende diere.



1 Verklaar die gedigtitel.

2 Watter toonaard heers in hierdie gedig?

3 Verduidelik dat daar sprake van 'n agternaperspektief op die ramp ter sprake is.

4 Watter tipe spreker is hier aan die woord?

5 Hierdie gedig is 'n vrye vers. Toon dit aan.

6 Watter woord uit r. 2 sluit moontlik aan by die agtergrond van die reële outeur Breyten Breytenbach?

7 Watter tipe halfrym beklemtoon die onheilspellende stemming in r. 1?

8 Verduidelik waarom “skeef gearseer” (r. 2) inderwaarheid ’n parentese is en toon aan wat die funksie van hierdie parentese is.

9 Watter beklemtoningstegniek word in “bliksemskigte” (r. 3) gebruik? Hoe hou dit met r. 14 verband?

10 Wat is die boodskap/leserinsig van hierdie gedig binne die konteks van die Zen-Boeddhistiese raamwerk?

11 Waarna verwys “(D)it” (r. 3)?

12 Waarvan is “fakkels” (r. 4) ’n metafoor?

13 Waarop dui “girafs” (r. 9)?

14 Verduidelik die verband tussen die woord “waters” (r. 5 en 19) en die alliterasie in “baie bergspitse” (r. 8).

15 Watter 2 stylfigure word in r. 9 aangewend en wat is die funksie daarvan?

16 Die gebruik van “peupel” (r. 10) is ongewoon. Verduidelik op watter ander woord dit moontlik dui en bepaal die funksionaliteit daarvan.

17 Hoe hou die volgende met mekaar verband? ”saamgewriemel” (r. 8), “peupel” (r. 10) en “saamgeflans” (r. 15)?

18 Dui die teenstelling tussen r. 7 en 10 aan.

19 Watter kleur word met die gedagte aan “landerye” (r. 11) voor die gees geroep?

20 Waarop dui die uitdrukking “kind en kraai” (r. 11)?

21 Om watter rede is die vlotte (r. 15) *saamgeflans*?

22 In watter opsig kontrasteer “tafels” (r. 12), “katels” (r. 13), “arke” (r. 13) en “balies” (r. 13) met: “karavane” (r. 13),“vrieskaste” (r.13) en “kroegtoonbanke” (r. 14) ?

23 Waarvan vertel (so glibberig, so log)” (r. 16) meer?

24 Wat is “eoniese krete” (r. 17)?

25 Op watter wyse word die gevaar van die vloedwater in r. 19-20 beklemtoon?

26 Dui die funksie van die enjambement (r. 19-20) en die staccato-effek (r. 19-20) aan.

27 Wat suggereer die ellipse in r. 20 en 22?

28 Toon aan op watter wyse r. 22 by die volgende aansluit: r. 19 en r. 20.

29 Op watter 2 moontlike dinge kan die herhaling van “weer” in die slotreël dui?

30 Dui die kontras tussen r. 1 en r. 20 aan.

’N TIPE EPISTEMOLOGIE VAN WATER: MEMORANDUM

(Breyten Breytenbach)

1 Die titel dui op ’n berig of verslag, selfs die verhaal van die buitengewoon groot krag wat vloedwater het. Deur die lees van die gedig doen die leser kennis op van die verwoesting wat water kan aanrig.

2 ’n Morbiede/onheilspellende toonaard (stemming).

3 Die spreker vertel in die verlede tyd.

4 Derdepersoonspreker.

5 Daar is geen vaste eindrympatroon nie. Die versreëls is nie ewe lank nie. Daar is nie ’n vaste ritmiese patroon nie.

6 “(G)earseer” ─ dit is ’n term wat in die skilderkuns gebruik word. Breyten Breytenbach is digter sowel as skilder.

7 Alliterasie van die [s]-klank: was somber suf.

8 “(S)keef gearseer” sou tussen hakies of aandagstrepe of kommas kon staan. Dit brei uit oor die reën (r. 1). Die reën val skuins teen ’n helling van ongeveer 45°.

9 Deur middel van toutologie. ’n Skig is ’n weerligstraal en “bliksem” dui ook op ’n weerligstraal. In r. 14 is daar ’n voorbeeld van *pleonasme* (onnodige herhaling van ’n woord in sinsverband): “’n flottielje vlotte”. Die funksie: beklemtoning.

10 Die dood van mens en dier en plant lei tot ontbinding, maar ontbinding skep weer die moontlikheid vir nuwe lewe. Die dood dui dus nie op die einde van “bestaan” nie.

11 Na die hemel/hemelruim.

12 Van die blitse/weerligstrale.

13 Kameelperde.

14 Die alliterasie in baie besige beklemtoon die talryke bergspitse. Dit sluit aan by *waters* wat ook op ’n groot massa dui.

15 *Asindeton* (weglating van die voegwoord in dié geval *en*), asook *herhaling* van die. Funksie: beklemtoon hoe baie diere daar is.

16 Daar bestaan nie ’n woord soos “peupel” nie. Dit is van “gepeupel” afgelei wat normaalweg op die mees onbeskaafde deel van ’n bevolking dui. Dit is funksioneel en dui hier die chaos (onordelike massa) aan: mans en vrouens word deurmekaar in die water waargeneem. As ’n mens op die klank van “peul” let, sinspeel dit waarskynlik ook op die woord “uitpeul” wat dui op die “te voorskyn kom” van ’n groot hoeveelheid voorwerpe soos diere, mense en ander drywende objekte.

17 Al 3 woorde dui onordelikheid of chaos aan en dít beklemtoon weer die gevolg van groot massas water.

18 Dieptes en boontoe is teenstellende woorde.

19 Groen.

20 ’n Idiomatiese uitdrukking wat op *al* die besittings van iemand dui.

21 Vlotte is as gevolg van die dreigende watermassas haastig en slordig gemaak omdat daar nie genoeg tyd was om netjiese strukture te bou nie.

22 Tafels, katels, arke en balies bestaan elk uit 2 lettergrepe, terwyl karavane, vrieskaste en kroegtoonbanke 3 of meer lettergrepe het.

23 Dit vertel meer van die dood.

24 Krete wat *sonder ophou* voortduur.

25 Deur die [w]-alliterasie en die herhaling van “laat rol”.

26 Enjambement in r. 19-20: dit beklemtoon die rolbeweging van die waters. Dit is asof die leser dit kan sien rol (beweeg).

Die staccato-effek in r. 19-20 beklemtoon die bedreiging (gevaar) wat die golwe inhou.

27 Voortgang (dat daar geen einde aan al die beweging is nie).

28 In r. 19-20 vind daar herhaling van “laat rol” plaas en in r. 22 word “weer” herhaal. Daar is ook ’n ooreenstemmende [w]-klank in al drie hierdie reëls. Die ellips (. . .) kom ook in albei gevalle voor.

29 Dit suggereer dat die dood nie die einde is nie, maar dat dit weer oorsprong aan nuwe lewe gee. Verder dui dit daarop dat daar nog baie vloedrampe sal plaasvind.

30 In r. 1 is daar van ’n somber hemel sprake. Dit dui op onweer/donker. In r. 20 staan die woord “glinsterende” wat op lig dui. Daar is dus ’n duidelike kontras tussen die negatiewe en die positiewe.